



Wes-Kaapse Provinsiale Parlement Western Cape Provincial Parliament IPalamente yePhondo IeNtshona Koloni

GEDRAG IN DIE RAADSAAL EN DEBATSREËLS

FEITEBLAD 4

HERSIENING 1, 4 JULIE 2016

Dit is die Voorsittende Beampte se verantwoordelikheid om toe te sien dat behoorlike oorweging aan sake geskenk word. Ten einde behoorlike oorweging, by tye aan omstrede sake te skenk, is dit noodsaaklik dat sekere ordereëls geld en – uiters belangrik – dat selfbeheersing toegepas word. Die gebruik van “parlementêre taal” is dus grondliggend aan die ordelike oorweging van kwessies.

Die staande reëls vereis onder andere dat:

- Elke Lid wat ’n spreekbeurt wil hê, vanuit sy/haar sitplek moet praat en die Stoel in een van die amptelike tale van die provinsie moet aanspreek;
- Lede moet praat oor die vraag wat voor die Huis dien en nie daarvan moet afwyk nie;
- Lede nie beledigende of onbetaamlieke taal mag gebruik nie;
- Geen Lid mag praat nadat die Stoel die vraag gestel het nie;
- Lede mag nie ’n refleksie werp op enige besluit van die Huis wat minder as ses maande tevore geneem is nie;
- Lede nie mag nie agterdog wek oor die bekwaamheid van ’n regter van ’n hoër hof of van ’n ampsbeker wie se ontheffing van ’n besluit van die Huis afhang nie;
- Geen Lid mag die bespreking van ’n saak wat op die Ordelys verskyn, vooruitloop nie;
- Geen Lid mag na enige ander Lid op sy/haar voornaam verwys nie;
- Indien die Lid afwesig is wat vir ’n mosie of ’n dagorder verantwoordelik is, ’n ander Lid verantwoordelikheid daarvoor mag neem mits hy/sy deur die afwesige Lid daartoe gemagtig is; en
- Geen Lid na mag enige saak verwys waarvoor ’n beslissing van ’n geregshof hangende is nie.

Wanneer ’n Lid die Raadsaal betree, moet hy/sy kyk wie aan die woord is sodat hy/sy nie tussen die Lid wat aan die woord is en die Stoel beweeg nie. As ’n Lid tussen die Lid wat aan die woord is en die Stoel beweeg, word daarna as die “breek van die (denkbeeldige) lyn” verwys en die Lid sal beveel word om terug te gaan van waar hy/sy gekom het. Die gebruikelike effense buiging wanneer die Huis betree of verlaat word, is ’n algemene eerbiedsgebruik vir die Huis, nie vir die Voorsittende Beampte persoonlik nie.

Die Stoel pas die reëls en konvensies van die Huis toe en beskik oor dissiplinêre magte wat wissel van ’n bevel om onparlementêre opmerkings terug te trek, die noeming van Lede en die opskorting van die sitting.

Nota: Feiteblad 14 handel oor “onparlementêre taalgebruik”.